

## Gereformeerde Kerk Bellville – 10 Mei 2015 – oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 107:1, 3 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!  
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;  
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,  
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
  
- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan  
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.  
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,  
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 135:1, 2 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!  
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!  
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
  
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!  
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.  
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein”.  
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
“Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
  
- 2 “'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

Gebed

Psalm 81:9, 12, 13, 15 (p. 412)

- 9 Neig, my volk, jul oor, / – dis wat Ek getuig het – / neig jul oor en hoor:  
Ag, as Israel / maar op my bevel / voor my woord gebuig het!
  
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:  
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.
  
- 13 Maar my volk wou My / nie gewillig eer nie, / aan my diens gewy;  
ver van My vandaan / het hul weggegaan / en My nie begeer nie.
  
- 15 Ag, as hul maar net / na my raad wou handel, / op my woord wou let!  
As hul maar wou hoor, / in die veil'ge spoor / van my wet wou wandel!

**Skriflesing:** Genesis 3:1-13; Dordtse Leerreëls, Artikel 2

**Kernvers:** Genesis 3:9

**Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy?**  
(Genesis 3:9 AFR53)

## **Dordtse Leerreëls**

### **Hoofstuk 1, Artikel 2**

*Die liefde van God is egter hierin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (1 Joh 4:9; Joh 3:16).*

**Tema:** God se genade – liefde wat opsoek

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons van die sondeval van die mens hoor, verwag ons dat dit met 'n groot slag gepaard moes gegaan het. Die sondeval het in-teendeel saggies plaasgevind. Die vrou en die slang praat oor God se gebod. Die slang vervals die woorde van die Here deur oordrywing. Die vrou neem deel aan die vervalsing. Die slang betwis die waarheid van God se woorde. En die vrou en haar man neem deel aan die leuen van die slang deur van die verbode vrugte te eet. Hulle het vir hulleself gesê: Hierdie slang het 'n punt beet. Ons betwyfel die waarheid van die Here se woord. Laat ons dan van die vrugte eet en wys word.

Alles het so alledaags gelyk by die val. Dit was 'n gesprek en 'n ete. Die aarde het nie geskud nie en die berge het nie gebewe nie. Die son het nog steeds geskyn. Daar het nie skielik 'n donkerte oor die skepping toegesak nie. Die ander diere het nog rustig in die tuin gewei. Die diere het nie skielik berserk geraak en mekaar verskeur nie. Selfs die mens het nog bly staan. Hulle het nie dood neergeslaan toe hulle 'n hap van die verbode vrugte gevat het nie. Alles het nog dieselfde gelyk – oënskynlik en voorlopig nog dieselfde.

Die enigste ding wat skielik gebeur het nadat die man en sy vrou van die verbode vrugte geëet het, was dat hulle oë oopgegaan het, en hulle besef het hulle is kaal. Verder het niks skielik anders gelyk nie. Ja, die mens en sy vrou se oë het oopgegaan soos die slang vir die vrou gesê het, maar hierdie geopende oë het nie beteken dat hulle wysheid soos God het nie. Hierdie geopende oë was die onmiddellike gevolg van hulle breuk met God.

Geliefdes, uiterlik lyk ons sondaars nie anders as wat die man en vrou voor die sondeval gelyk het nie. Die radikale verandering het binne-in die man en sy vrou plaasgevind. Die groot slag van die sondeval het onhoorbaar in die mens se hart geslaan. Die mens het God se Woord vervals en die waarheid daarvan betwis, hulle het hulle rug op die Here gedraai en stilletjies maar tog gewelddadig in opstand teen God gekom. En die eerste waar hierdie breuk met God sigbaar geword het, was in die breuk tussen die mense. Hierdie eerste sigbaarwording van die opstand teen God veroorsaak skaamte. Man en vrou voel nie meer gemaklik voor mekaar so sonder klere nie. Hulle kan nie meer kaal voor mekaar wees nie en ook nie kaal voor God nie. Daarom skarrel hulle om vyeblare aanmekaar te werk net om die gevolge van hulle opstand teen God te bedek.

So gryp ons almal na vyeblare as ons besef hoe kaal ons voor God staan as gevolg van ons opstand teen Hom en ons wegdraai van Hom af. Ons gryp na verskonings en redenasies, mooi woordjies en mooi gebaartjies, net sodat mense nie moet sien hoe weerloos ons werklik is nie. Mense moet tog net nie agterkom hoe bederf ons tot in ons siel is nie. Maar, my liewe broer en suster, so word die stukkende verhouding met God nie

reggemaak nie. Ons verhouding met ons hemelse Vader is in flarde geruk. En so 'n in flarde gerukte verhouding word nie met vyeblaarverskonings en -argumente aanmekaar-gelap nie.

Die eienaardigste van die mens wat sy rug op God gedraai het en in opstand teen God gekom het, is dat hy homself nie net van sy huweliksmaat wil verberg nie maar ook van God. Teen die tyd dat die aandwind opkom, het die mens en sy vrou gehoor hoe die Here God in die tuin wandel. Ons het geen rede om te dink dat hierdie wandeling van God iets buitengewoon was nie. Dat God in die tuin kom wandel was bekend aan die mens en sy vrou. God wil immers met sy mens gemeenskap beoefen. Dit is tog die normale van 'n verhouding van liefde en trou. God wil met sy mense saam wees en Hy wil dat sy mense met Hom saam sal verkeer.

Nou is die mens en sy vrou egter verward. Hoe sal hulle die Here God kan ontmoet? Hoe sal hulle voor sy oë kan verskyn? Vroeër het hulle nog daarna uitgesien om hulle Skepper en Vader te ontmoet. Maar nou ... nou is hulle kaal.

Selfs ons kinders weet wat dit beteken om so verward te wees soos die man en sy vrou na die sondeval. Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, wil jy dit wegsteek. Maar wanneer iemand wat baie naby aan jou is, soos pa of ma, hulle opwagting maak, wil jy jouself wegsteek. Hulle moet jou nie nou in die hande kry nie. Hulle teenwoordigheid is vir jou nou 'n verleentheid. God se teenwoordigheid is vir die mens in sy sondenaaktheid 'n verleentheid. Dan doen jy die domste ding; jy gaan kruip weg sonder om daaraan te dink dat jy die een of ander tyd tog sal moet uitkom.

Die man en sy vrou het in hulle verwardheid ook gaan wegkruip. Hulle probeer vir die almagtige, alsiende en alwetende God wegkruip. Wat 'n dom ding om te doen.

Ons het al gesê dat niks uiterlik aan die mens of sy vrou verander het toe hulle van die verbode vrugte geëet het nie. Teenoor mekaar het hulle steeds gelyk soos vroeër, maar binne-in hulle het daar 'n verandering gekom. Hulle het skaam geword vir mekaar. Aanvanklik het daar ook geen uiterlike verandering gekom tussen hulle en God nie. Die Here God kom dan soos vroeër om in die tuin te wandel. Maar die gevolge van die sonde kom ook nie hier met 'n donderslag nie. Die gevolge dring stadig maar seker deur soos die koue van 'n winteraand. Binne-in die twee mense het die skuldgevoelens aangegroei. Hierdie skuldgevoelens maak hulle vreesbevange vir God sodat hulle vir Hom tussen die bome wegkruip. Om deur God raakgesien te word sal vir hulle 'n groot verleentheid wees.

Geliefdes, deur ons sonde verander ons omstandighede nie werklik nie. Maar wanneer ons sondig, verander ons uitkyk op ons omstandighede. Ons verander ons omstandighede vir onself, sonder dat daar werklik 'n verandering in ons omstandighede gekom het. Ons skuldgevoelens laat ons anders kyk na ons omstandighede. Dan word ons bang en ons wil wegkruip.

In hulle verwardheid sit die twee mense al bewende hulle asem en ophou. Wat gaan gebeur? Gaan die Here God hulle met donderslae tref? Gaan Hy hulle met een veeg van sy almagtige arm van die aangesig van die aarde af veeg? Gaan Hy sy rug op hulle draai en niks met hulle te doen wil hê nie? Natuurlik het God alle reg gehad om enigeen van hierdie veronderstellings uit te voer. Hy het dan duidelik sy opdrag gegee en die mens het dit verstaan. Boonop het Hy die mens so volmaak geskep dat die mens en sy vrou die opdrag kon uitvoer om weg te bly van die verbode vrugte.

Die Here God doen egter nie een van hierdie dinge wat ons veronderstel nie. Hy doen die onverklaarbare. Hy soek die mens in liefde op. Hy kom nie met vernietigende verwyte nie, maar met soekende liefde – met deernis – roep Hy na die mens:

**Waar is jy?** (Genesis 3:9 AFR53)

Ja, God is alwetend. Hy weet reeds alles wat gebeur het. Dit is net die mens en sy vrou wat dink dat God nog nie weet nie, daarom kruip hulle weg. Alhoewel God weet, soek en roep Hy steeds in liefde: **Waar is jy?**

Broers, susters en kinders, let op, die Here ons God vra hierdie vraag nie vir die vrou nie, maar vir die man. Die Here het die man as hoof van die vrou en gesin aangestel. Hy is die verantwoordelike persoon. Hy is die adres aan wie die Here die vraag rig. Vandag is die man steeds die adres van 'n gesin wanneer God sy vraag van soekende liefde tot ons rig: **Waar is jy?**

Dit is 'n vraag van soekende liefde, 'n vraag vol deernis wat God tot sy mense rig. Die Here wil aan sy mense 'n kans gee, soos 'n pa vir sy moedswillige kind. Wat gaan God se mense op hierdie vraag van liefde antwoord? Alhoewel die Here weet wat gebeur het, verwyt Hy nie. Hy gee geleentheid dat die mens sy skuld kan bely en om vergifnis smeek. Die Here God is immers die mens se hemelse Vader. Hy wil die mens uit sy sonde en ellende verlos. Daarom bely ons soos volg met die woorde van die Nederlandse Geloofs-belydenis: ***Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opsoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het*** (Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 17).

Hy vra: **Waar is jy?** Miskien sal die mens antwoord: Teen U alleen het ek gesondig. Ter wille van u Naam, Here, vergewe my my sonde, want dit is groot.

Maar nee, dit is nie wat die mens antwoord nie. Op die soekende liefde en kans vir belydenis wat die Here gee, volg eerder verontskuldiging en dan beskuldiging. Eers die verontskuldiging:

**Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.** (Genesis 3:10 AFR53)

Die mens noem nie die eintlike rede vir sy bang wees vir God nie. Hy noem die gevolg van sy sonde in plaas van sy sonde self: Ek is kaal, daarom het ek weggekruip vir U, Here.

Ook op hierdie vyeblaarverskoning trek die Here nie los en verdelg die mens nie. Die Here weet hoekom die mens nou skaam is vir sy naaktheid. Maar die mens was nog altyd kaal gewees, hoekom het dit nou skielik 'n probleem geword? Daarom laat die Here God sy soekende liefde ook in die volgende vraag opklink. Die mens moet nog eens geleentheid kry om sy skuld te bely:

**Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is?**

En om dit nog duideliker te maak en vir die mens nog makliker om sy sonde te bely, vra die Here:

**Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?**  
(Genesis 3:11 AFR53)

Nou het die mens geleentheid om met twee woorde sy skuld te bely. Al wat die mens nou moet sê, is: Ja, Here. Maar in plaas daarvan voer hy sy verontskuldiging verder wat

uiteindelik 'n beskuldiging word:

**Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.** (Genesis 3:12 AFR53)

Kamma skuif hy die skuld op die vrou af, maar voorop maak die mens duidelik wie hy reken die skuld moet dra. Here, dit is hierdie vrou, maar U het haar vir my gegee.

Dan vra die Here God vir die vrou:

**Wat het jy nou gedoen?**

en sy sê:

**Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.** (Genesis 3:13 AFR53)

Here, moenie vir my kyk nie, dit is die slang se skuld. Die man sowel as sy vrou sê eers aan die einde van hulle antwoorde wat hulle wel gedoen het. Maar voorop in elkeen se antwoord word dit duidelik dat hulle nie hulle verantwoordelikheid wil aanvaar nie. Dit is nooit die mens wat skuldig is nie; dit is eerder die Here of, as dit moet, dan is dit die duiwel.

Eintlik wil die vrou ook nie sê dat dit die slang se skuld is nie. Sy sê dat die slang haar mislei of bedrieg het. Here, die slang het gesê ons sal kennis verkry, maar nou het ons nie gekry wat ons verwag het nie. Ons het slegs die pyn van skaamte gekry. En ja, ons het van die vrugte geëet waarvan ons nie mag geëet het nie.

Geliefdes, die breuk tussen God en die mens het klaar plaasgevind. Dit kan nie verander word nie en kan ook nie met vyeblaarverskonings weggeredeneer word nie. Stadig maar seker dring hierdie besef tot die mens deur in die gevolge van hierdie misdaad. Maar selfs in die geleentheid wat die Here God gee dat die mens sy skuld kan bely, sien die Here hoe sy mense net al verder en verder aftrap in die duisternis van geestelike doodsheid in. Die mens en sy vrou erken maar eers aan die einde en ook maar net so terloops dat hulle van die vrugte geëet het. Die lyding van die sonde het die mens nog nie getref nie, maar die pyn van teleurstelling het reeds diep in die Here God se hart ingesny. Sy mense het ook sy opsoekende en deernisvolle liefde in die wind geslaan. Die mens het God, hulle hemelse Vader, se liefde en vertroue verwerp.

Sal ons ooit hierdie pyn van verwerping ten volle kan begryp? 'n Pa en 'n ma beleef ietsie van hierdie soort pyn as hulle sien hoe hulle kind te midde van hoeveel liefde, sorg en vertroue tog kies om die afgrondspad te volg. Maar die pyn van verwerping soos God ons Vader dit beleef, sal ons nooit ten volle begryp nie.

Tog het ons Vader nie daar by die eerste mens en sy vrou opgehou om ons in liefde op te soek nie. Deur al die eeue heen het Hy steeds na die mens geroep: Waar is jy? Geen mens reik vanself uit na die Here nie. Verlossing is egter God se soewereine en genadige geskenk:

**Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** (Johannes 3:16 AFR53)

Die verlossing van die mens vind nie plaas omdat die mens daarna gevra het nie, maar omdat God dit geskenk het. By die verlossing van die mens is dit God wat handelend optree. Hy het lief en Hy stuur sy Seun, soos ons dit by Johannes hoor:

**Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. (1 Johannes 4:9-10 AFR53)**

God openbaar sy liefde in sy Seun. Die Seun van God het mens geword om hulle wat verlore geraak het te kom opsoek. Hy kom soek ons en roep ons na sy kruis op Golgota sodat ons kan sien watter aardskuddende liefde ons hemelse Vader steeds vir ons het.

Die aarde het nie geskud toe die mense hulle rug op die Here gedraai het en gewelddadig teen Hom in opstand gekom het nie. Die skepping is nie deur 'n donker duisternis oorval toe die mens en sy vrou van die verbode vrugte geëet het nie. Maar daar op Golgota, toe Jesus aan die kruis gehang het, het die duisternis van Godverlatenheid op Hom toegesak. Oor my en jou sonde waarvoor ons nie verantwoordelikheid wil aanvaar nie, het Jesus in duisternis aan die kruis gehang in bange Godverlatenheid totdat Hy kon uitroep: Dit is volbring! En eers toe Hy sy laaste asem uitgeblaas en gesterf het, het die aarde geskud en die rotse oopgebars. Die aarde het geskud eers toe Jesus Christus ons, die in sonde gevalle mense, ten volle van al ons sondes verlos het. God se liefde vir sy mense is aardskuddend, want Hy doen die onverklaarbare: Hy soek die mense in liefde en deernis op – hulle wat die rug op Hom gedraai het.

Geliefdes, die sondeval en al die sondes wat daarna deur ons mense gedoen is, het nie gevolge wat met donderslae sigbaar word nie. Die geestelike dood van die mens het saggies en suutjies ingetree. Die Here ons God tref ons ook nie met verwyte en verdelging op die daad nie. Maar Hy soek ons in liefde op. Sy liefde vir ons is wel aardskuddend, want hy doen die onverklaarbare. Hy roep ons: Waar is jy? Wat gaan ons met hierdie opsoekende liefde van ons hemelse Vader doen, my liewe broer en suster?

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 86:2, 6 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,  
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.  
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;  
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

## **Katkisasieopening**

### **Skrifberyming 8-3:1**

Die Vader, Seun en Gees / is ewig God en Here.  
Ek kan nou seker wees / die Gees bring nuwe lewe.  
Hy is aan my gegee / en lei my tot geloof.  
Hy troos my elke tree – / so het die Heer beloof.

n.a.v. Heidelbergse Kategismus Sondag 20

**Ds Coenraad Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**10 Mei 2015**